GESKIEDKUNDIGE HOOGTEPUNTE

Die **Wêreldbiddag vir Vroue** het in 1887 begin toe vroue van die Presbiteriaanse Kerk in die Verenigde State van Amerika aangegryp was deur die nood van immigrante en die nagevolge van die vrystelling van slawe in hulle land. Hulle het 'n oproep gedoen vir 'n nasionale dag van gebed. Vroue van ander kerke het ook begin deelneem, en die beweging het vinnig na ander lande versprei. Waar vroue ookal kennis gemaak het met die Biddag, het dit hulle geïnspireer om in hul eie lande ook daarmee te begin. Die gevolg was dat die dag gou bekend gestaan het as die **WERELDBIDDAG VIR VROUE**. In SUID-AFRIKA is die eerste Wêreldbiddag-byeenkoms in Maart 1930 in die Seepuntse Congregational Kerk gehou. In 1946 is 'n NASIONALE KOMITEE vir Suidelike Afrika in die lewe geroep. Die lede van hierdie Komitee word deur die beherende liggame van verskeie kerke genomineer.

PROGRAMME word in 11 tale gedruk en ALLE vroue kan dus met gemak inskakel. Die Wêreldbiddag word elke jaar op meer as 1 200 plekke in Suidelike Afrika waargeneem, en die reëling van BYEENKOMSTE op plaaslike vlak is ten volle in die hande van vroue in hul onderskeie gemeenskappe. KOLLEKTES word slegs interkerklik aangewend ter ondersteuning van projekte van die Bybelgenootskap van SA, Radiokansel en Wêreldvisie.

Verteenwoordigers van Nasionale Komitees vergader elke vier jaar tydens 'n INTERNASIONALE KONFERENSIE wat in verskillende dele van die wêreld gehou word om

- Hul onderskeie biddag-ervarings met mekaar te deel;
- Onderwerpe te kies en reëlings te tref vir die opstelling van programme;
- 'n Uitvoerende Komitee te verkies, die begroting op te stel, ensovoorts.
- Maniere te oorweeg om groei van die beweging te bevorder.

Deelname in Suid Afrika is van die beste in die wêreld. Ons loof en dank die Here vir die geloof, behoefte aan gebed en die toegewyde belangstelling in die Wêreldbiddag, wat deur so baie Christene in ons land getoon word.
Wanneer ons terugkyk oor die jare wat die Wêreldbiddag reeds in Suid Afrika gevier word, loop ons harte oor van dankbaarheid.

"AAN GOD AL DIE EER !"